Tweede uitgawe
2015

Koeda

Pretoria Bonsai Kai

The word Koeda is Japanese and means: 'Graceful branch'. It is pronounced Ko-eda.

- **Pretoria Bonsai Kai bestuur:**
- Voorsitter – Org Exley
  082 809 2037
- Onder voorsitter – Francois van As
  074 601 1847
- Tesourier - Daan du Toit
  012 567 2520
- Sekretaresse – Mariaan Erwee
  083 377 7893
- Skakelbeampte—Christa Vermaak
  083 388 4736
- Addisionele lede :
  Duvan Horn
  Martin Kruger
  Johan Els
  Jaco Kriek

Enige idees, artikels of terugvoering rakende die nuusbrief kan gegee word aan Jaco Kriek by:

Jaco.kriek@aurecongroup.com

In hierdie uitgawe

Van die redakteur	1
Briewe bus / Vra is vry	2
Algemene jaarvergadering	3
Vergadering van 7 Maart	6
Climbers	16
Terugvoering demonstrasie	18
Vergadering 11 April	19
Dooie hout	21
Lede profiel	28
Kalender	29
Snippets	30

Van die redakteur.

Ons leef in onstuimige tye. Mens word omtrent daagliks bombardeer met nuus oor die slegte ekonomie, kragonderbrekings, die rand wat verswak, ons renosters verdwyn, vreemdelinge haat, klimaatsverandering, werkloosheid, armoede, bedrog, roof en moord, waansin in die Midde-Ooste, gyselaarsdramas, besoedeling teen 'n angswekkende tempo en so kan ek seker aanhou. Dit maak mens soms moedeloos en laat jou magteloos voel.

En dan lees ek van die bekende Brasiliaanse fotograaf, Sebastiao Salgado wat sy kamera wou wegsit na'n foto-projek oor hongersnood, oorloë en vlugtelingkampe.

Toe stel sy vrou voor dat hulle die verwoeste reënwoud op hul plaas in Brasilië moet herstel. Hulle stig 'n instituut wat tot hede 4 miljoen boompies in hul kwekery gegroei het en op die plaas en omliggende dele geplant het. Die area het wonderbaarlik herstel en fonteine loop weer en bedreigde diere spesies het 'n veilige plek om te bestaan. Dit gee my moed! Ons kan sekerlik nie woude red nie maar ons kan klein dingetjies vir die natuur en ons medemens doen. Ons wat bonsai beoefen het tog ook 'n liefde vir die aarde en die behoud van die natuur.

Jaco

A good grower selects plants that will thrive in his microclimate and avoids those that will sulk.

Briewe Bus / Vra is Vry

Hallo Jaco

Ons woon in Doringkloof; en het 'n bonsai shack wat in uiterste koue staan in die winter.

Ek het al by verskeie mense gehoor van 'n lae-koste ver-warmertjie wat mens kan gebruik in jou bonsai shack in koue gebiede vir die winter. Maar op hierdie stadium kan ons nie onthou wie vir ons daarvan vertel het nie.

Ons sal graag wil weet of enige van die Club lede ons kan verwys na 'n verwarmer produk wat ons kan koop om ons boompies in die winter warm te hou in 'n bonsai shack wat met gewone lapa seile toegemaak is ???

Groete en baie dankie

Johan en seun Rohan Breytenbach
Doringkoof
Centurion

Red: Het iemand dalk raad oor produkte wat Johan na kan kyk. Of dalk enige ander idee waarna hy kan kyk. Laat weet ons asseblief.

A clean environment is possibly the best defense against pests. Bonsai benches should be free of soil, rotting foliage, built up mosses and any matter which will attract and harbor pests. Keep sufficient space between bonsai for good air movement.

-

Donna Banting.

Algemene jaarvergadering 2015—Voorsitter verslag

Die jaar wat verby is was weereens ‘n goeie jaar vir die Kai. Die bywoning van die vergaderings was weereens uitstekend. Daar was altyd om en by 60 lede teenwoordig met elke vergadering. Ek wil vir die mense wat praaitjies en demonstrasies aangebied het baie dankie sê vir die goeie werk wat hulle gedoen het. Hulle het altyd goed voorbereid gekom en goeie inligting oor die onderwerpe deur gegee.

Ek wil ook dankie sê aan die lede wat die BRAT dae en konvensie bygewoon het. Pretoria Bonsai Kai het altyd die meeste verteenwoordigers by die byeenkomste gehad. Ek wil die ander lede wat nog nie die BRAT dae bygewoon het nie, aanmoedig om dit wel te doen. Dit is altyd baie interessant. Ek wil julle ook aanmoedig om die konvensie in die Kaap by te woon as dit moontlik is. Daar gaan baie goeie sprekers wees.

Dan die skuif na die Kerksaal was ‘n groot verbetering. Daar is nou baie veilige parkering en ons het ‘n groter saal wat ons meer ruimte bied om dinge te doen.

Ek wil ook die komitee bedank vir die werk wat hulle insit. Daar is ‘n paar wat ek graag wil uitsonder. Daan vir sy harde werk met die Kai se finansies. Ons Kai se finansies is in ‘n baie goeie toestand. Hy het die laaste jaar baie moeite gedoen om ons geld te belê sodat ons meer rente kan verdien. Christa, vir al die moeite wat sy doen met die raffle, sy sorg ook dat daar altyd drinkgoed is. Sy is ook altyd bereid om te help waar dit nodig is. Jaco wat weereens uitstekende werk met die Koeda gedoen het. Almal praat met lof van dit. Hy het ook die web tuiste oorgeneem. Erika wat die biblioteek hanteer. Dit is groot werk. Ek weet, want ek het dit vir baie jare gedoen.

Dan wil ek ook net vir Antony dankie sê vir die moeite wat hy doen om te sorg dat ons bakke en gereedskap het. Dit word waardeer.

Dan ook aan al die lede, as dit nie vir julle was, sou ons nie so ‘n lewendige en suksesvolle Kai gewees het nie.

Dankie

Org Exley

Pretoria Bonsai Kai bestuur vir 2015

Gedurende die algemene jaarvergadering, gehou op 7 Maart 2015, is die bestuur vir 2015 gekies. Baie dankie aan die lede wat bereid is om te dien. Onder is die bestuurslede.

Org Exley: Voorsitter

Francois van As: Onder voorsitter

Daan du Toit: Tesourier

Mariaan Erwee
Sekretaresse

Erika Tredoux
Bibliotekaresse

Christa Vermaak
Skakel beampte

Onder: Addisionele lede.

Martin Kruger

Johan Els

Duvan Horn

Jaco Kriek

Bonsai 'NUT'!

Elke jaar, by die algemene jaar vergadering, word daar 'n Bonsai 'Nut' vir die jaar wat verloop het aangewys. Die 'trofee' gaan aan die persoon wat die meeste entoesiasme in die kai en in bonsai in die algemeen gewys het. Hierdie jaar het die kommitee besluit om die 'trofee' aan Charles Ceronio te gee.

Charles is al vir baie jare intens betrokke by die Kai en by bonsai in die algemeen. Hy was ook een van die stigters lede van die Kai. Sy kennis en raad aan ander lede is onvervangbaar. Selfs terwyl Charles verlede jaar baie siek was het Elsie hom na die vergaderings geneem.

Baie geluk Charles en baie dankie vir jou entoesiasme en al die kennis wat jy so vrylik uitdeel aan alle lede in die kai! ♣

"Wisdom is not a product of schooling but of the lifelong attempt to acquire it."

— Albert Einstein

Vergadering van 7 Maart 2015

Ek waarsku jou Pieter, moenie daai tak sny nie!!

Vergadering van 7 Maart 2015

Die vergadering se tema het gehandel oor Saikei. Johan Els het dit aangebied en sy aanbieding word hierna weergegee. (matig aangepas)

Dit was baie leersaam en inspirerend en daar sal moontlik ’n klomp lede wees wat hulle eie Saikei gaan doen. Dalk sien ons ’n paar van hierdie skeppings in die toekoms by ons uitstallings.



Vergadering van 7 Maart 2015

WHERE THE ART OF SAIKEI BEGAN?

THE ART OF SAIKEI (SIGH-KAY) - TREE OR LIVING LANDSCAPE , IS RELATIVELY YOUNG:

During World War 2 in Japan many collections and nurseries were destroyed, and suitable material for bonsai was very scarce and very expensive.

Mr. Toshio Kawamoto, a very important bonsai grower had the foresight to realize that the young material available might lead to a loss of interest in bonsai, so he created the Saikei art form where young plants and rocks could be blended together, using bonsai principles. An instantly pleasing result was achieved.

SAIKEI LESS FORMAL THAN BONSAI.

SAIKEI IS LESS FORMAL THAN BONSAI AND THEREFORE THERE IS MORE FREEDOM OF COMPOSITION:

Components of Saikei are abundant and easily obtainable.
The principles of bonsai, namely design, balance, pruning, wiring and planting applies to Saikei.

Vergadering van 7 Maart 2015

THE PRACTICE OF SAIKEI.

Saikei was designed to be an easier practice to participate in than bonsai. A saikei container provides liberal quantities of soil, easing the burden of careful watering and root pruning that mark bonsai cultivation. Saikei plantings are quick to assemble, with first-time participants able to create an effective result in a few hours. The trees can be very young and therefore inexpensive, and none of the other materials except the tray itself cost much. The trees themselves do not require a great deal of shaping or other manipulation, compared to bonsai's complex and time-consuming development practices. As a result, Saikei is a good fit for beginners and for those who wish to spend little on the hobby of growing dwarfed trees.

Vergadering van 7 Maart 2015

COMPONENTS OF SAIKEI:
CONTAINER AND ROCKS.

Container must be shallow and could be round, oval or rectangular depending on your other constituents and the effect you are trying to create.

Rocks, almost the most important part of a Saikei. The atmosphere of the scene is created by the rock eg smooth rock with touches of white could depict a mountain covered in snow.

Vergadering van 7 Maart 2015

COMPONENTS OF SAIKEI:
TREES AND ADMOSPHERE.

The tree should reflect the character of the rocks. A variety of sizes will give you a more realistic effect. It is permitted to mix some varieties for effect.

This is very important when creating Saikei. It must have the power to transport you into a world of illusion. If you feel like being on a high mountain or beside a stream, the artist has achieved his goal.

Vergadering van 7 Maart 2015

CARE AND MAINTENACE OF YOUR SAIKEI.

SIMULAR TO BONSAI

- Water regularly.
- Keep free of weeds.
- Pruning as required.
- Certain species need winter protection.
- Transplant when required.

Vergadering van 7 Maart 2015

SIMULAR STYLES.

BONSEKI: It's a bonsai related art that creates landscapes in miniature, but without the use of living trees, eg sculpting the soil and arranging the stones.

BONKEI: Laterally translated from Japanese is "tray landscape". Tradition allows the use of such items as clay figurines, lanterns, thatched huts, wooden bridges, boats and the likes. Many bonkei are formed from artificial substances.



SUISEKI: Is the art of displaying a single important stone.

REFERENCES:

MAKING BONSAI LANDSCAPES

THE ART OF SAIKEI— BY HERB L GUSTAFSON

WIKIPEDIA

Vergadering van 7 Maart 2015

Na Johan sy aanbieding gedoen het het hy in rekord tyd die Saikei links onder gedoen, om lede ’n idee te gee van sommige van die aspekte wat hy genoem het. Die Saikei regs onder het Johan en Org toe gedoen.

Onder: Dons Hauptfleisch het nie ’n geskikte bak gehad nie en het gou haar Saikei op die tafel gedoen (sien heel onder). Esther het ook ’n skepping gemaak (heel onder regs).

Vergadering van 7 Maart 2015

“Tip of the month”

Franscois het die vergadering ’n oulike voorbeeld gewys wat Rolf Wuest doen met klippe (rotse) wat hy wil gebruik maar nie op hulle eie kan staan nie. Rolf maak met beton ’n plat voetstuk waarin hy die rots giet en dan kan die rots maklik staan gemaak word. Sien onder.

Climbers as bonsai —By Johan Els.

At the meeting of 10 May 2014 Johan Els gave a talk and demonstration on climbers suitable for bonsai. Due to space, all the information supplied by Johan on various climbers could not be published simultaneously. In five previous issues of Koeda the information on the Ivy, Wisteria, Star Jasmine, Bougainvillea and the Wine Grape were published. Herewith the last climber discussed by Johan, the Ficus pumila for your enjoyment.

FICUS PUMILA (Creeping Fig)

Description

This evergreen vine is a relative of the edible fig, Ficus cariaca. Creeping fig is very rapid climber able to cover vertical surfaces 3 and 4 stories tall with the aid of a powerful adhesive. This plant has developed a specialized structure, an adhesive pad that secretes a sticky substance that adheres to almost any surface. Clustered roots in F. pumila are sent out forming fine root hairs. These in turn secrete a substance made up of polysaccharide and protein. The roots and root hairs stick together forming the adhesive pad. Pads stick to almost any surface. If the roots do not touch a surface they usually dry up, if they touch moist soil they tend to branch and change to a typical root.

Juvenile leaves are small heart shaped leaves that are 1 inch long by about 3/4 in wide, they are held closely to the surface creating a mat of foliage that extends barely 1 inch from the surface it is growing on. Once the vine reaches the top of its support it will begin to form horizontal branches on which larger adult foliage is produced. Adult leaves are more leathery than the juveniles, and are dark green, and about 3 in long by 2 in wide.

The plant will produce a fig. These will grow only on the mature horizontal stems, they are pale green in color and about 3 in long by 2.5 in wide. There are several cultivars, including a variegated and crinkled leaf form.

Location

Creeping fig is native to East Asia and is found on Japan's southern islands, eastern China, and Vietnam. This vine is a popular landscape item in many warm climate areas.

Culture

Creeping fig is not particular about soil. This vine will grow at seaside if protected behind dunes or buildings.

Light:

Shade to sun.

Moisture:

Water when dry when young. Once the vine matures you can let it fend for itself even during droughts.

Hardiness:

USDA Zones 8 – 11. Can tolerate freezing temperatures for short durations.

Propagation:

By cuttings or by layers (the vine will form roots wherever it touches the ground). This plant requires the fig wasp Blastophaga pamila for pollination.

Climbers as bonsai —By Johan Els.

Usage

Use to create green curtains of dense foliage on block, masonry, and concrete walls. Do not plant on wooden structures as the secretions of the adhesive pads can damage the wood. The city of Orlando, Florida uses this vine to soften concrete freeway supports which helps to dampen traffic noise as well as provide visual relief. Disney and the other theme parks make use of creeping fig to create “instant” topiary. Wire frameworks are created of geometric shapes, animals, and even cartoon characters. The frames are lined with sphagnum moss and filled with growing medium. Creeping fig is planted in the frame which rapidly grows to cover the shape in a thin coat of fine-textured juvenile leaves. This vine also makes a good ground cover for large plantings where it looks great scrambling over boulders and tree trunks.

Other then its use as a decorative plant, the fruit of F. pumila is also used in cuisine. In Taiwan, its fruit is turned inside out and dried. The seeds are scraped off and a gel is extracted from their surface with water and allowed to set and form a jelly known in Taiwan asaiyu jelly , and in Singapore as ice jelly. The jelly is not commonly made or found outside of Taiwan though it can be bought fresh in specialty stores in Japan and canned in Chinatowns.

According to oral history, the plant and the jelly was named after the daughter of a Taiwanese tea businessman in the 1800s. The jelling property of the seeds was discovered by the businessman when he drank from a river in Chiayi, and found a clear yellowish jelly in the water he was drinking and was refreshed upon trying it. Looking above the river, he noticed fruits of vines hanging which contained seeds that exuded a sticky gel when rubbed. He gathered more of the fruits and served them at home with honeyed lemon juice or sweetened beverages. Finding the jelly containing beverage delicious and thirst-quenching, the businessman delegated the task of selling it to his daughter Aiyu. The snack was very well-received and became highly popular. The businessman eventually named the jelly after his daughter. ♣

Terugvoering oor demonstrasie / werkswinkel bome

Gedurende die uitstalling by Safari kwekery van 5 Mei 2012 het lede met minder as tien jaar ondervindig in die beoefening van bonsai aan die Kai se Nuwe Talent Kompetisie deelgeneem. Die keuse van die beoordelaars vir die wenboom die dag het gegaan aan Francois van As. Die eerste twee fotos onder van Francois met sy boom voor hy hom gestyl het asook die boom nadat Francois hom gestyl het is in die derde uitgawe 2012 van Koeda gewys. Francois het die boom so week of wat gelede baie gesnoei. Die foto heel regs is hoe die boom tans daaruit sien. Dus amper drie jaar later. Een van die redes van hierdie terugvoer is om lede te wys dat bonsai tyd neem en ons dus geduldig moet wees en die "journey" geniet.

Gedurende die vergadering van 4 Mei 2013 het lede met minder as tien jaar ondervindig in die beoefening van bonsai aan die Kai se Nuwe Talent Kompetisie deelgeneem. Die keuse van die beoordelaars vir die wenboom die dag het gegaan aan Francois van As. Die eerste twee fotos onder van Francois met sy boom voor hy hom gestyl het asook die boom nadat Francois hom gestyl het is in die derde uitgawe 2013 van Koeda gewys. Die foto heel regs is hoe die boom tans daaruit sien. Dus amper twee jaar later.

Vergadering van 11 April 2015

Verslag en foto's deur Esther van Aarde.

Op Saterdag 11 April het 19 lede van die Pretoria Bonsai kai na Bela-Bela gegaan waar ons 'n heerlike dag as gaste van die Waterberg Bonsai Klub kon meemaak. Die organiseerders het ons baie welkom en spesiaal laat voel, nie te praat van al die heerlike verversings wat deur die dames voorgesit is nie.

Ons het die voorreg gehad om die pragtige bonsai's van Ian Pringle, Ds Jannie Olivier en Johan Ras te kon besigtig. Sowaar, hulle mag maar!! Daar was ook goeie bonsai material te koop en die Pretorianers het nie teruggehou nie. Daarna het ons na die Rockey Horse Kwekery gegaan waar 'n stilleer-demonstrasie deur Gustav Lubcker van Witbank gegee is. Duvan is gevra om aan 'n Kleinbeenappel te werk, en soos ons hom ken het hy 'n sukses daarvan gemaak.

Om die dag af te sluit het ons 'n bring-en-braai gehou en almal kon heerlik saam kuier onder lieflike groot bome.

Baie dankie aan Waterberg Bonsai Klub, dit was goed om daar te kon wees.

Vervolg op bl 20

Vergadering van 11 April 2015

Bo: Tuisgemaakte drupbesproeing wat waargeneem is.

DOOIE HOUT - deur Dr Pieter Loubser.

DOOIE HOUT - ALWEER



Hier volg ‘n storie met ‘n diepgaande les en ek vra verskoning omdat dit reeds ou nuus vir baie lesers mag wees. Dit is ‘n ware gebeurtenis wat opgestel is as eksperiment deur die **Washington Post** in Januarie 2007 in die Washington Metro Stasie. Die **YouTube** verwysing word gegee aan die einde. Ek het vrylik vertaal en ingekleur. Sien: ek erken my gepeuter aan sake!

“Dis ‘n koue dag. Mense op pad werk toe. ‘n Man speel ses vioolkomposisies van Bach in ‘n publieke area en dit duur ietwat meer as 45 minute. Ongeveer 2000 mense stap deur die stasie wyl hy speel.

Na ongeveer drie minute hoor ‘n verbyganger hom, hy stap stadiger, stop en luister ‘n paar tellings lank en stap verder om sy skedule na te kom.

Vier minute later kry die vioolspeler sy eerste dollar. Die vrou gooi die geld in die hoed op die vloer so in die verbygaan.

Na ses minute: ‘n jong man leun teen ‘n muur vir ‘n wyle, luister en stap weer verder.

10 minute: ‘n Drie-jarige kleuter stop, maar sy ma trek hom weg en haas voort. Die kleuter rem aan sy ma en probeer luister, maar sy forseer hom weg - op pad êrens heen - maar die kind bly omkyk. Dieselfde gebeur met ander kinders en ander ouers in die volgende minute.

45 minute: Die musikant speel steeds. Hy ontvang altesaam $32. Omtrent twintig mense het geld gegee, maar nie gestop om te luister nie en ‘n uur nadat hy begin speel het, staak hy sy spel. Stilte. En niemand gee applous nie. Geen erkenning nie.

Die violis was Joshua Bell, een van die besondere musici in die wêreld. Hy het van die mees ingewikkelde komposisies ooit gespeel op ‘n viool wat $3.5 miljoen werd was. Twee dae tevore was sy vertoning uitverkoop in Boston teen gemiddeld $100 per sitplek.

Hierdie storie gaan oor onder andere persepsie, smaak en mense se prioriteite en lei tot die **vraag**: in ‘n gewone publieke plek op ‘n ongelëe tyd, kan ons iets moois waarneem. Briek ons om dit te waardeer? Herken ons talent in ‘n onverwagse konteks?

Een moontlike gevolgtrekking uit die eksperiment kan wees: Indien ons nie ‘n oomblik het om stil te staan en te luister na een van die beste musikante in die wêreld nie wyl hy van die pragtigste musiek ooit gekomponeer speel en ‘n juweel van ‘n instrument gebruik.....**hoeveel ander dinge mis ons?**”

Een van my waarnemings en gevolglike vrae, was die belangstelling van die kinders en die rem van ‘n ouer in die belangstelling en nuuskierigheid van die telg.

https://www.youtube.com/watch?v=UM21gPmkDpI

Vervolg op bl 22

DOOIE HOUT - deur Dr Pieter Loubser.

Ek kom pas terug na ‘n tydjie verwyl in Kaapstad en die Strand. Dit was kort na die verwoestende brand op die skiereiland wat die Argus fietsren se roete en atmosfeer ontwrig het weens die skade aan die veld, lewende wesens (plant en dier) en nie-lewende strukture (die rotse se stabiliteit is beïnvloed). Die week ná die fietsren bly ek in die Strand. ‘n Brand ontstaan naby Stellenbosch in die Jonkershoekberge. Verwoestend. Van die as het in ons woonstelblok op oppervlaktes geval.

Hoekom? Menslike nalatigheid? Of moedswilligheid? Die natuur? Ek weet nie. Ek huil wel daaroor, welke een ookal mag dien as oorsaak. Die fotos hieronder vertel wat iemand dink hoe die natuur daaroor voel. Let veral op na die gestalte weggesteek in die regterkantste foto.

Later ry ek terug huistoe per trein. Kan iemand nog reis per trein onthou, of jaag ons net na ‘n bestemming? Die karoo is droog. Die volgende foto gee ‘n idee van wat droogte doen, maar saam met die tragiese van die dooie boom, is daar ook ‘n asembenewing oor die pragtige struktuur van die dooie boom en die verhouding met ‘n suipplek.

Net om puriste te kalmeer: Dis nie ‘n foto van die Karoo nie. Ek probeer net iets sê met iemand anders se foto van elders in die wêreld So ook die een daarna.

Vervolg op bl 23

DOOIE HOUT - deur Dr Pieter Loubser.

Toe ek tuis is en my rekenaar kan gebruik, kry ek die volgende foto van ‘n Juniperus by BonsaiBark. Dit behoort aan Juan Andrade. Die boom is nie dood nie. Allermins. Dit het ‘n draad van lewe! Soek!

Is dooie hout aan bonsai regtig dood? Of het dit ‘n ander manier van lewe? Is dit dalk net ‘n raam waaraan lewe kan klou? Dalk desperaat so? Of is dit geskiedenis? En daarsonder kan ons ook nie! Dis deel van ‘n storie. En dan speel bonsaikunstenaars met hierdie konsep en dit wissel van makabere stukkies lewe geheg aan oordrewe dooie hout tot oorweldigende lewe en kartels van gebleikte hout met ongeloofbare kontraste. Kyk met dieper insig na die foto hierbo en die volgende een en besluit self oor die gewaarwording. Hoort die kontraste hoegenaamd bymekaar? Is dit onwerklik of is dit juis waarop ons gewys word? Dien die dooie hout as raam vir die lewende? Die verlede vir die toekoms? Feniks! En Friedrich Nietzsche (u sal agterkom dat ek waardering het vir sy insigte) sê dat “*die toekoms die huidige beïnvloed tot dieselfde mate as wat die verlede dit doen*”.

Vervolg op bl 24

DOOIE HOUT - deur Dr Pieter Loubser.

Sean Burke se boom danksy BonsaBark hierbo.

Soms is die balans tussen lewe en dood meer eweredig soos die twee Oliene hierna toon.

Vervolg op bl 25

DOOIE HOUT - deur Dr Pieter Loubser.

Links is ‘n Olien (onbekende eienaar) gekry by BonsaiBark en regs is een (Sylvestrus?) moontlik behorende aan Luis Vallejo. Die een volgend (links) behoort aan Joze Gomez del Rio.

Een met mindere waarde aan die lewende deel(maar onmisbaar) word regs gewys. Dit is ‘n jenewerboom van Carlos van der Vaart.

En let op die **beweging** in die verskillende voorbeelde wat ek aanbied.

Maar kom ons vlieg terug na die voëls en die takke – vir ‘n wyle. Bonsai is mensgemaak. Hoekom? Wel minstens omdat dit ons kunssinige behoefte bevredig. Nietsche het ook hieroor gepraat. “*Ons het kuns sodat ons nie sal vergaan weens die waarheid nie*” en “*Wyl drome die individuele persoon se spel is met die werklikheid, is die beeldhouer se kuns – in ‘n breër sin – die spel met drome*”. Jou smaak, my smaak. Jou oordeel, myne. Gaan terug na die twee fotos van die verdorde bome hierbo. Dink. Kan dit mooi wees? Of net sprekend? Kan ellende mooi wees of net as vingerwyser na iets anders, soos ‘n verlede? Jy leef, minstens tans. Wat beteken geskiedenis en vorentoe se hoop vir jou? Kan bonsai dit vergestalt?

Ek is onlangs aangespreek omdat ek dink dat die idee van voëls wat moet kan vlieg tussen takke deur, oordrewe is. Ek antwoord dat sekere style van ontwerp dit eenvoudig nie toelaat nie en ander kere laat die spasies dit lyk na ‘n geraamte met ‘n klompie loof op takke. Ek sukkel nog met ontwerpe uit China en die een hieronder is sekerlik vandaar. Voëls kan vlieg waar hulle wil, maar naturalisties? Die een daarna is ‘n stappie verder, maar steeds is die vraag wat die kunstenaar wil wys, of in staat is om te wys.

Vervolg op bl 26

DOOIE HOUT - deur Dr Pieter Loubser.

En dan gaan ons verder en kyk na die volgende voorbeeld. Steeds plek vir die voëls, maar net-net. En in hierdie geval is dit baie toepaslik en gee ons ‘n idee van moeder natuur. Maar daarnaas is ‘n volgende voorbeeld wat my min beïndruk in enige terme. Maar dalkies weer Chinees? Die natuur lyk nie so nie en werk nie so nie. Om te argumenteer dat digter, kompakter boom afsterwe van die binnest dele tot gevolg het, werk ook nie heeltemal nie. Daar is maniere om dit te verhoed en ander tye moet jy aanvaar dat die boom dit in elkgeval gaan doen, afhangende van die aard daarvan.

En dan bied ek fotos van meer kompakte bome aan. Soos hierbo het ek lukraak by Google aangeklop. Min plek vir voëls. Maar voëls gaan, indien hul afgeskaal is na bonsaigroottes, steeds tuis wees in hierdie bome. En sommige voëls verkies digter bome, soos die Reënvoël.

Vervolg op bl 27

DOOIE HOUT - deur Dr Pieter Loubser.

Dan is die vraag tot welke mate ek die natuur in my kunsvorm moet laat voorskryf. Dogmas hoort nie in bonsai nie, soos op sekere ander terreine ook nie.

Het ek nou genoeg gespeel met lewe en dood in bonsai om u te prikkel oor hierdie aspek daarvan? Hierdie is ‘n spel en reëls geld net in die agtergrond. Iemand het gesê dat “ *dogma die dood van die intellek is*”. En goeie raad volg uit die volgende gesegde: “*Die luister word kennis en die kennis huiwer op die randjie van begrip*”.

Denis Diderot sê :” *Daar is drie grondige maniere om kennis op te doen: waarneming van die natuur, denke daaroor en eksperimentering. Waarneming versamel data, denke kombineer die data en eksperimente bevestig die resultate van die kombinasie*”.

Dit het tyd geneem om Galileo se insig te erken. Bonsaikuns? Hoe gee ons erkenning aan en die verstaan van hierdie komplekse idee?

Groete

Pieter Loubser

Lede profiel - Martin Joubert

Martin is ’n bekende gesig by die vergaderings want hy woon meeste vergaderings by. Hy doen ook altyd diens by die jaarlikse uitstalling.

Martin was vir elf jaar in die Suid Afrikaanse weermag maar werk die afgelope vyf en twintig jaar by Denel as tegnikus en wel op misiele.

Martin en sy vrou Tessa is al 31 jaar lank getroud. Hulle het ’n seun en dogter uit die huwelik. Hule seun studeer IT en hul dogter is 4 de jaar medies.

Martin en ’n friend het in 1990 saam begin met bonsai. Martin het in dieselfde jaar by die Pretoria Bonsai Kai aangesluit en het ook Charles se beginnerskurses gedoen. Hy sê dat hy vir ’n klompie jaar nie baie aktief was by die kai nie maar het die laaste 4 of 5 jaar weer vlam gevat en is baie gereeld by die kai se bedrywighede.

Vir Martin is sy bonsai bome ’n vorm van ontspanning. Om aan sy bome te werk maak hom rustig en hy geniet dit om die kuns daarvan te ondervind. Martin se eerste boom was ’n Akasia en hy het nog steeds daardie boom.

Martin het so ongeveer dertig bome op ’n baie netjiese uitstallingsrak met ’n besproeiings sisteem. Sy gunsteling boom is ’n groterige Akasia wat in ’n baie natuurlike styl is. Martin sê dat hy hou van bome wat natuurlik voorkom, soos wat ’n boom in die natuur lyk. Hy styl nie sy bome volgens streng tradisionele bonsai style nie.

Martin het ’n verskeidenheid soorte bome en het nie ’n gunsteling spesie waarmee hy werk nie. Hy hou van baie natuurlike style.

’n Ander stokperdjie van Martin is om ‘ou’ model karretjies te versamel wat dateer uit die 50 tigs of 60 tigs. Hy het ’n pragtige vertoonkas waarin sy versameling karretjies is. Martin en sy gesin kamp ook graag met hulle karavaan.

Martin sê dat hy die meeste van bonsai by Charles geleer het. Charles en die kai in die algemeen inspireer hom om bonsai te beoefen. Is sy lewe hou hy vas en kry inspirasie by die Here.

Martin laat nog somtyds bome vrek en voel dan verskriklik sleg. Dit is gewoonlik egter nie sy eie skuld nie maar gebeer wanneer hy weggaan en ander mense moet na sy bome omsien.

Martin is baie gelukkig met wat hy al in bonsai beryk het. Hy geniet sy bome en het nie ’n drang om byvoorbeeld eendag ’n meester te wees nie.

Martin sê dat hy gelukkig is by die kai. Hy kry inspirasie by die vergaderings en leer baie. Hy hoop dat al hoe meer lede by die vergaderings sal deelneem. Hy voel dat as daar een of ander tema is lede bome sal bring om aan te werk wat by die tema aansluit. Hy geniet dit dat die kai intensief na temas in bonsai kyk en die vergaderings so inrig. Hy gee raad dat die jonger lede regtig moet poog om deel te neem.

Vir Martin is deelname baie belangrik. Hy voel ook dat meer van die ervare lede moet help voor die vergadering om aan bome te werk. ♣

Bonsai Kalender — Deur Dr Francois van As

Wat doen ons in Mei?

Die dae begin koeler raak wat beteken alle boompies gaan 'n dormante stadium tegemoet. Minder water moet toegedien word maar let daarop dat die boompies nie uitdroog nie, al is hulle dormant bly hulle sensitief. Die teendeel is ook waar, pasop vir te veel water, dit kan wortelvrot en/of swamsiektes tot gevolg hê. Bemesting is dus nie nodig nie. Verwyder alle vrugte, bessies en blare wat nog aan bladwisselende bome sit aangesien dit die boom gedurende die wintermaande verswak. Aangesien moontlike ryptoestande oppad is, is dit nou die tyd om kouesensitiewe bome te beskerm.

Wat doen ons in Junie?

Alle boompies behoort nou dormant te wees. In koue toestande moet watertoediening verkieslik nie laat-middag of in die aand toegedien word nie. Watertoediening in die oggend laat genoeg tyd, gedurende die dag, vir oortollige water om te dreineer. Gedurende baie koue nagte kan oortollige water veroorsaak dat die wortels vrot. Indien jy verveeld begin raak kan jy gerus jou gereedskapkas nader trek en jou gereedskap begin skoonmaak.

Hoe lyk Pretoria se klimaat hierdie tyd van die jaar?

Pretoria het 'n gematigde savanne (grasvlakte) klimaat met warm, nat somers en droë winters. Van Mei tot September reën dit selde en wanneer wel is dit maar min.

Maand	Gemiddelde maksimum temperatuur (°C)	Gemiddelde minimum temperatuur (°C)	Gemiddelde ure sonskyn per dag	Gemiddelde aantal dae neerslag per maand	Gemiddelde mm neerslag per maand
Mei	22	8	9	3	6-30mm
Junie	19	5	9	1	6-30mm

Bron: http://www.whatstheweatherlike.org/southafrica/pretoria.htm

Francois van As

Snippets

Our Environment.

Landfill sites (dumpsites) are becoming a big problem. One of the problems (of many) is that they require a lot of space. The average person dumps about 2.0 kilogram of waste into landfills every single day.

The best way to avoid overflowing landfill sites is to avoid unnecessary packaging, which you throw away, when u purchase goods.

The next best is to recycle and compost wherever possible.

Inspiration from nature

Sometimes we see people creating bonsai with weird or funny shapes which looks 'unnatural'. This photo below, taken by **Martin Joubert** in Rietvlei nature reserve, shows that there are trees in nature with weird and funny shapes.

A good example to copy in bonsai??

.

The individual opinions expressed in this issue are not necessarily those of the Pretoria Bonsai Kai.